# H O O F S T U K 4.

## DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR SPESIALE VAKKE.

### 1. INLEIDING:

Onder spesiale vakke word hier Kuns, Huishoudkunde, Liggaamlike Opvoeding, Musiek en Handwerk ingesluit. Die Educational Code beskryf onderwysers vir Handwerk en Huishoudkunde as onderwysers van spesiale vakke; dit is 'n erfenis uit die dae toe hierdie vakke nie beskou is as 'n integrale deel van die werk van die skool nie. Hierdie vakke is dan ook in selfonderhoudende sentrums onderrig. Leerlinge van die verskillende skole het op vasgestelde tye onderrig ontvang. Sommige van hierdie sentrums bestaan nog. Liggaamlike Opvoeding moes stadigaan losgemaak word van 'n soort driloefening en word nog nie algemeen deur onderwysers erken en waardeer nie.

Dit is ook 'n algemene feit dat leerlinge in die middelbare skool geneig is om Kuns en Musiek prys te gee as daar vir die sertifikaateksamen gewerk word. Die vakke het volgens die Norwoodverslag van Oktober 1941[1] nog nie in die middelbare skole die nodige aandag ontvang wat hulle verdien nie.

> "They were received as late-comers; when they were taught, they occupied a place outside the regular curriculum and were taught as extras or spare time activities....And so they are often regarded as an offset or relief to other subjects, appealing to some special powers of the mind otherwise neglected; in short, emphasis has been laid on their unique and special values."[2]

/Dit .....

1) Die komitee is aangestel onder voorsitterskap van sir Cyril Norwood, President van St. John's College, Oxford; Voorsitter van die Secondary School Examinations Council in Okt. 1941.

2) Curriculem and Examinations in Secondary Schools. Report of the Committee of the Secondary School Examinations Council Appointed by the President of the Board of Education in 1941, 122 e.v.

Dit is die essense van die saak: hierdie vakke word alte dikwels as spesiale in plaas van normale vakke beskou. Die agterstand waaraan hierdie vakke en diegene wat hulle onderrig, onderhewig is, kan en sal uit die weg geruim word as erkenning daaraan verleen word as vakke wat werklik deel van die leerplan uitmaak.[1)]

Die rede waarom ons hierdie vakke onder 'n aparte hoofstuk behandel en daarna as spesiale vakke verwys, is omdat dit in Brittanje 'n erkende benaming is en omdat onderwysers wat in hierdie rigting wil kwalifiseer in opleidingsinrigtings wat uitsluitlik vir hierdie doel opgerig is, hulle opleiding ontvang.

Al die inrigtings wat voorsiening maak vir die opleiding van onderwysers van spesiale vakke is inrigtings wat met die Instituut van Opvoeding van die universiteit in die betrokke streek geassosieer is. As sodanig vorm dit 'n deel van die streekorganisasie en oefen die Instituut van Opvoeding volle beheer oor die werk in die inrigting uit.

2. <u>DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR KUNS EN KUNSVLYT:</u>

a) <u>INLEIDING:</u>

Die ondersoek is in Londen en Bristol uitgevoer. In Londen is die Hornsey School of Art and Crafts en in Bristol die West of England College of Art gekies.[2)] Eersgenoemde is 'n konstituerende kollege van die Instituut van Opvoeding, Londen-universiteit, terwyl laasgenoemde onder die Instituut van die Bristolse universiteit resorteer.

Op daardie tydstip was daar 16 kolleges en inrigtings in Engeland wat voorsiening vir die opleiding van kuns-

/onderwysers .....

---

1) Teachers and Youth Leaders, 84.

2) Die ondersoeke is respretiewelik op 10 Nov. 1949 en 6 Maart 1950 ingestel.

onderwysers gemaak het. Twee verskillende kursusse is aangebied: Die eerste kursus het die Art Teacher's Diploma verskaf.[1] 'n Tweede minder gespesialiseerde opleidingskursus het voorbereiding vir die onderwyssertifikaat van die Instituut van Opvoeding besorg. Eersgenoemde sertifikaat word vir graaddoeleindes erken terwyl die onderwyssertifikaat 'n nie-graadkwalifikasie is.

b) DIE LENGTE EN KURSUSSE WAT BESTUDEER WORD:

i) A.T.D.-KURSUS:

Die studente moet 'n vierjarige kursus in Kuns deurloop wat deur 'n eenjarige professionele kursus, wat proefonderwys insluit, afgesluit word. Die vierjarige kunsstudie word as volg ingedeel:-

a) 'n Tweejarige kursus waarna die Ministerie van Onderwys se Intermediêre eksamen in Kuns en Kunsvlyt afgelê word. Dit sluit 'n algemene kursus in teken, modellering en kunsvlytwerk in.

b) 'n Verdere kursus wat oor twee jaar strek, word gevolg. Aan die einde van hierdie studietydperk word die Nasionale Diploma in Ontwerp ontvang. Dit is 'n spesialiteitskwalifikasie en verskil ooreenkomstig die vakke waarin die kandidate spesialiseer, bv. skilderkuns, beeldhoukuns, meubelmakery, boekproduksie, ens.

c) Die vyfde jaar word aan professionele opleiding gewy. 2)

ii) ONDERWYSSERTIFIKAAT:

Hierdie kursus is vir gekwalifiseerde onderwysers wat Kuns en Kunsvlyt wil onderrig, ontwerp. Die kursus bestaan uit 'n tweejarige algemene kunsstudie in teken, skilder, modelleer en kunsvlyt wat as voorbereiding vir

/die .....

1) Die afkorting vir hierdie sertifikaat word as A.T.D. aangedui. In die verdere beskrywing word hierdie benaming gebruik.

2) Memorandum van D.E. Milner, Prinsipaal van die West of England College of Art, 6 Maart 1950, 2.
Vgl. ook: Hernsey School of Art and Crafts - Prospectus, 1949 - 1950, Session, 17-18.

lektore die geleentheid om vas te stel of hulle vir die onderwysprofessie geskik is. Indien hulle ongeskik is, kan hulle 'n ander rigting volg en teleurstelling en mislukking vermy.

Studente kry meer geleentheid om die sosiale en kulturele ontwikkeling tot sy reg te laat kom.

Die opleiding word egter in 'n te eng rigting gestuur. Studente ontvang opleiding om net een vak in 'n middelbare skool te onderrig. 'n Breër opvoeding behoort die kanse vir promosie te bevorder.

Die studente se proefonderwys word so gereël dat elkeen van hulle net aan een besondere skool ondervinding opdoen. Die geleentheid om skole se organisasie, administrasie en funksionering met mekaar te vergelyk om beter insig te verkry, ontbreek.

die Intermediêre Eksamen dien. Die finale jaar van professionele studie word tussen proefonderwys, lesings oor Onderwysmetodes, praktiese studie van kunsprosesse in verband met onderwys verdeel. Lesings oor Sielkunde, Kinderstudie en Onderwysgeskiedenis word deur studente van beide kategorieë bygewoon.[1]

c) KEURING VAN STUDENTE:

Dit is opgemerk dat studente vir die A.T.D. nie spesiaal gekeur word nie. Kandidate wat in besit is van die University School Certificate, en die Intermediêre Eksamen en die eksamen vir die Nasionale Diploma in Ontwerp en Skilder, Illustrasie, Modellering en Industriële Ontwerp geslaag het, kan tot die kursus toegelaat word.[2] Keuring vir toelating tot die derde jaar professionele kursus geskied te Bristol deur die prinsipaal van die Kunsskool en die professor van Opvoedkunde van die Universiteit van Bristol wat met die kandidate 'n persoonlike onderhoud voer.[3]

d) OPLEIDING GEDURENDE DIE PROFESSIONELE JAAR.

Die kursus vir die finale jaar se opleiding geskied in ooreenstemming met die regulasies van die Ministerie van Onderwys, soos uiteengesit in klousule 109 van 1949 - 1950. Die kursus word in drie hoofafdelings ingedeel:-

i) Beginsels van Onderwys en Skoolbestuur;

ii) Proefonderwys;

iii) die verdere ontwikkeling van die student as 'n kunstenaar.[4]

/Beginsels .....

1) Memorandum van D.E. Milner, 2.

2) Hernsey School of Art and Crafts. Prospectus, 17-18.

3) Memorandum van D.E. Milner, 1.

4) Memorandum van die Hernsey School of Art and Crafts opgestel deur die Senior Lektor in Kuns en Kunsvlyt, A.S.A. Mills, 10 Nov. 1949, 1.

e) <u>BEGINSELS VAN ONDERWYS EN SKOOLBESTUUR:</u>

Lesings oor Onderwysgeskiedenis, die algemene skema van onderwys, die plek van Kunsonderwys in die skema (van die kleuter-, laer- tot die senior kunsskool), algemene Sielkunde, Kindersielkunde en Metodiek word aan studente gegee. In die metodiek word spesiale nadruk gelê op die beginsels wat as grondslag dien vir die onderrig van besonder bekwame onderwysers en op 'n vollediger bespreking, met praktiese voorbeelde, van spesifieke onderafdelings van Kunsonderwys. Hier word veral die toestande in die skole en hulle uitbreiding en verbetering in gedagte gehou. Verteenwoordigende voorbeelde van werk in die verskillende vakke in skole word vertoon en van die onderwyser se gesigspunt en ook van die standpunt van die kinders wat daaraan deelneem, beoordeel en bespreek. Die werk wat vertoon word, is nie uitgesoekte of interessante werk nie, maar sluit die werk van 'n hele klas in sodat 'n algehele oorsig van die werk beoordeel kan word. Studente lewer 'n kritiese waardering van die werk en volg dit op deur kort lesse aan hulle klasmaats te gee. Hulle lewer ook kort lesings, gesels en debatteer oor die werk. Behalwe die opstelle en geskrewe werk, word besondere aandag aan die aantekeningboeke van die studente bestee en word daaroor sorgvuldig toesig gehou.

Onderwysers van naburige skole word uitgenooi om praatjies oor hulle werk te lewer. Onderwysers van spesiale vakke word uitgenooi om spesiale lesings te hou, bv. oor die plek wat kunswaardering in die onderrig van Kuns op die skole inneem.

Besoeke aan skole en uitstallings word gereël. Die studente kry geleentheid om self uitstallings by te woon en hierdie besoek word opgevolg deur interessante be-

/sprekings....

sprekings.

Studente word ook in die kuns van briewe skryf, aansoek doen om 'n betrekking en in die uitwerk van lesings afgerig.[1]

f) PROEFONDERWYS:

i) WEST OF ENGLAND COLLEGE OF ART.

Studente wat die kursus vir die A.T.D. volg, moet in kuns, middelbare en laerskole proefonderwys gee. Daarom kan hulle nie aan een skool verbind word om die proefonderwystydperk deur te maak nie. In sommige gevalle vind proefonderwys dwarsdeur die jaar plaas en word afgewissel met lesings en kunsstudie. In ander gevalle word proefonderwys slegs gedurende die tweede kwartaal toegelaat.

Vir die tweede groep is daar gedurende die tweede kwartaal 'n voltydse program vir proefonderwys en onderwysers word aan 'n middelbare moderne of laerskool verbind as voltydse studentonderwysers. Dit word van hulle verwag dat hulle behalwe Kuns nog een of twee ander vakke ooreenkomstig aanleg sal onderrig.[2]

ii) HERNSEY SCHOOL OF ART AND CRAFTS.

a) Middelbare Skole:

Proefonderwys vind gedurende die eerste kwartaal in die eerste vier dae van die week plaas. Die skole verwelkom hierdie reëling. Dit stel die studente in staat om die funksionering van die skool in sy geheel waar te neem en ook op te merk watter rol kunsonderrig in die skoollewe inneem. Studente het vrye omgang met die lede van die personeel en leer om met hulle saam te werk. Hulle is in staat om deel te neem aan die algemene skoolaktiwiteite en dit bied 'n uitstekende voorbereiding vir 'n werklike latere aanstelling aan 'n skool.

/Klasse .....

1) Memorandum van die Hornsey School of Art and Crafts, 1.

2) West of England College of Art, 6 Maart 1950, 2-3.

b) Klasse wat Saterdagmôres vir kinders in die Kunsskool gehou word:

Leerlinge van omliggende skole kom Saterdagmôres na die Kunsskool en dan kry studente geleentheid om onder toesig van 'n lektor aan hierdie leerlinge kunslesse te gee. Die studente kry hier die geleentheid om met verskillende tipe leerlinge kennis te maak en om baie probleme op hierdie manier te oorbrug voordat hulle na 'n gewone skool gaan. Die Kunsskool is natuurlik baie goed toegerus en studente gee makliker klas as in die gewone skole die geval is.

iii) OEFENING IN DIE KUNSSKOOL.

Studente van die Hernsey-inrigting gaan een keer per week na een van die ander kunsskole, terwyl ander studente weer die Hernseyskool besoek. Die doel van hierdie uitruilstelsel is om studente die geleentheid te gee om maklik by veranderde omstandighede aan te pas en om onder ander omstandighede hulle werk uit te voer.

iv) LAERSKOLE.

Studente doen nie proefonderwys in laerskole nie[1] maar besoeke om waarneming te doen, vind wel plaas.

g) DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE STUDENT AS KUNSTENAAR:

Die Hernsey School of Art and Crafts bied besondere geleenthede vir die verdere ontwikkeling van die studente. 'n Algemene reël is dat studente vier spesiale aktiwiteite sal onderneem. Spesiale nadruk word op die samestelling van 'n boekie gelê. Die hele werk, die samestelling, die set van die letters, druk, illustrasies en bind word in die kollege gedoen. Ander kunste soos pottebakkery en weef word nie alleen uit die kunsoogpunt benader nie, maar ook met die doel om dit aan leerlinge in die skole te onderrig.

/Studente ....

1) Memorandum van die Hernsey School of Art and Crafts, 1-2.

Studente word ook aangemoedig om sekere aspekte van ontwerp te bestudeer, nie net om hulle eie houding teenoor hierdie baie belangrike aspek van kuns te verbreed nie, maar ook met die doel om die vak in skole wat dit moeilik vind om dit te onderrig, aan te bied.

Aan die einde van die derde kwartaal word 'n gesamentlike uitstalling georganiseer. Behalwe dat die inspekteur van onderwys hulle werk op die uitstalling besigtig, beoordeel hy ook die ander werk wat gedurende die jaar gedoen is.[1]

h) BEOORDELING VAN STUDENTE:

Die A.T.D.-studente word afsonderlik deur die prinsipaal van die kollege en inspekteurs van onderwys beoordeel. Die studente word gedurende die proefonderwysoordeel. Die studente word gedurende die proefonderwystydperk besoek en daarna word hulle opstelle, aantekeninge en kunswerke geïnspekteer. Die onderwysers wat die gewone kursus volg, word kwartaalliks deur die prinsipaal beoordeel. Hy word deur lektore van die Instituut van Opvoeding en eksterne eksaminatore, deur die Instituut benoem, bygestaan.[2]

i) EKSAMENS:

A.T.D.-studente lê 'n skriftelike eksamen van drie uur oor elk van die volgende vakke af: Beginsels van Opvoeding en Skoolbestuur. Die eksamen word deur die Ministerie van Onderwys opgestel en deur eksterne eksaminatore nagesien. Die Diploma word op die uitslag van hierdie eksamen tesame met die beoordeling van die prinsipaal van die kollege en inspekteur van onderwys toegeken.

/Gekwalifiseerde ....

1) Memorandum van die Hernsey School of Art and Crafts, 2.

2) Memorandum van West of England College of Art, 6 Maart 1949, 4.

Gekwalifiseerde onderwysers lê nie 'n skriftelike eksamen af nie, maar word gesamentlik deur die Instituut en die Kunsskool beoordeel.

j) GEVOLGTREKKING:

Die werk aan die kunsskole word met groot ywer en belangstelling aangepak. Lektore probeer hulle bes om by die studente die belangrike plek wat kuns in die leerplan behoort in te neem, tuis te bring. 'n Ernstige probleem is om die regte gesindheid by kunsstudente aan te kweek. Baie is geneig om te oordeel dat die onderrig van Kuns aan 'n middelbare skool 'n tweederangse werk is. Hulle ontwikkel so 'n soort van 'n Art School state of mind en wil liewers kunstenaars word.

Sommige van die studente, soos skilders en teruggekeerde soldate, het nog geen ondervinding van ontwerp of kunsvlytwerk opgedoen nie. Hulle word aangeraai om met die werk in die Kunsskool aan te gaan, want die doel is om 'n beter balans in hulle opleiding te bewerkstellig.

Al die kolleges wat besoek is, bied geleentheid vir die opleiding van beide mans en dames. Die inrigtings is goed toegerus, maar die lokale is klein, bergruimte beperk, uitstalborde onvoldoende en die ventilasie swak.

Die doel met die onderrig van die vak in die laer- en middelbare skole is om in die eerste plek by die leerlinge 'n liefde vir die vak aan te kweek. Dit word nie verwag om van die leerlinge kunstenaars te maak nie. Behalwe liefde moet daar ook kunssin en 'n waarderingsvermoë by hulle ontwikkel word. By die opleidingskolleges kom 'n mens onder die indruk dat die ontwikkeling van die student as kunstenaar oordryf word. Die hoofklem word geplaas op die praktiese bekwaamheid van die student self terwyl die professionele vorming te min

/aandag .....

aandag geniet. Dit is noodsaaklik dat die onderwyser sy stof beheer, maar dit is van groter belang om sy kennis aan die leerlinge oor te dra en die gawe te besit om hulle te lei en te inspireer. Dit kan alleen gedoen word as die professionele sy, die metodiek, meer intensief bestudeer word.

Die meeste van hierdie opleidingsinrigtings vir kunsonderwysers is in Kunsskole gehuisves en kan as gevolg van gebrek aan ruimte slegs 20 of 30 studente vir so 'n kursus aanneem. Die studente leef en beweeg in 'n kunsatmosfeer en is te afgesonder, met die gevolg dat 'n soort kunstenaarstemperament en lewensbeskouing gekweek word. Die studente vind aanpassing by die gewone omstandighede in die skole as gevolg hiervan soms moeilik. Die voortreflikste opleiding onses insiens sal aan die Instituut van Opvoeding in 'n universiteit geskied waar die studente in 'n kuns- sowel as universiteitsatmosfeer beweeg en met studente van alle rigtings kan assosieer.

Ten slotte vind ons die bestaande reëlings vir proefonderwys in laerskole swak. Studente besoek laerskole net met die doel om waarnemingslesse by te woon. Dit is jammer, want studente word daarvan weerhou om hulleself met die behoeftes en metodes van die laerskole vertroud te maak.

## 3. DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERESSE VIR HUISHOUDKUNDE:

### a) INLEIDING:

Daar is 11 opleidingskolleges wat opleiding aan onderwyseresse in huishoudkundige vakke verskaf; al hierdie inrigtings vorm konstituerende inrigtings van die verskillende Institute vir Opvoeding aan die universiteite en staan as sodanig onder hulle beheer. Die kolleges bied 'n driejarige opleiding in huishoudkundige vakke wat

/aan .....

aan suksesvolle kandidate erkenning as gekwalifiseerde onderwyseresse verleen. Behalwe hierdie kursusse word daar deur die universiteite van Londen en Bristol voorsiening vir graadkursusse gemaak.[1]

Die kursus vir die graad in Huisbestuur en Sosiale Wetenskappe van die Londense Universiteit duur drie jaar, waarna studente 'n vierdejaarkursus in 'n opleidingskollege kan voltooi om die Diploma in Huishoudkunde te verwerf. Die B.Sc.-Huishoudkundekursus van die Bristolse Universiteit duur vier jaar, waarvan die eerste drie jaar in die universiteit deurgebring word, in samewerking met die Londen-Westminster-Opleidingskollege of die Gloucestershire-kollege vir Huishoudkunde. Die vierde jaar geskied in een van die kolleges. Die twee genoemde inrigtings is albei met die Universiteit van Bristol geaffilieer en die lektore word deur die universiteit erken. Die meeste van die studente van die Universiteit van Bristol wat die onderwyserskursus volg, gebruik 'n vyfde jaar om aan hierdie doel te wy.[2]

Die meeste van die kolleges wat besoek is, is met 'n tweeledige doel opgerig:-

a) Om studente voor te berei om onderwyseresse in huishoudkundige vakke in middelbare skole, inrigtings wat aandklasse verskaf en opleidingskolleges te word;

b) om onderrig aan studente in die beginsels van huishoudkundige vakke, kookkuns, kleremakery naaldwerk, huisbestuur en wasserywerk te gee.[3]

b) KEURING VAN STUDENTE:

Kandidate moet 18 jaar oud wees voor 1 Oktober van die jaar waarin hulle toegelaat word en moet in een van

/die ....

1) Teachers and Youth Leaders, 166.

2) Teachers and Youth Leaders, 166.

3) The National Training College of Domestic Subjects, Prospectus, 3.

die toelatingseksamens van die Ministerie van Onderwys geslaag het.[1] Keuring geskied nadat kandidate hulleself aan 'n persoonlike onderhoud onderwerp het. Persoonlikheid, taalgebruik, voorkoms, hoflikheid, intelligensie en leierskap word deeglik getoets.[2]

c) VAKKE VIR DIE ONDERWYSKURSUS.

Die leergange van die verskillende inrigtings[3] van hierdie aard wat besoek is, sluit gewoonlik die volgende vakke in:-

i) BEGINSELS VAN DIE OPVOEDKUNDE:

Dit sluit onderrig van Kinderstudie, Onderwysgeskiedenis en Onderwysmetodieke in. Proefonderwys word slegs in middelbare skole gegee.

/Engels .....

---

1) Die volgende is die toelatingseksamens:-

1. The School Certificate Examination of the Oxford and Cambridge Schools Examination Board;
2. The School Certificate Examinations (Senior Local Examination) of the Oxford Delegacy for Local Examinations;
3. The School Certificate Examination. (Senior Local Examination) of the Cambridge Local Examinations Lectures Syndicate.
4. The School Certificate Examination of the University of Durham.
5. The General School Examination of the University of Lantern.
6. The School Certificate Examination of the Northern Universities Joint Matriculation Board.
7. The School Certificate Examination of the University of Bristol.
8. The Senior Certificate Examination of the Central Welsh Board.

2) The National Training College of Domestic Subjects, Prospectus, 4-5.

3) i) The National Society's Training College of Domestic Science, Berridge House, Fortune Green Road, N.W. 6.

ii) The National Society of Domestic Science Training College, 72, Buckingham Palace Road, S.W.1.

iii) Gloucestershire Training College of Domestic Science, Gloucestershire.

ii) ENGELS:

Die studente moet oefening in die verstaan, waardering en skryf van behoorlike Engels ontvang. Baie aandag word aan spraakopleiding gewy omdat dit 'n vereiste vir elke onderwyser is om behoorlike en voorbeeldige taal in die aanbieding van sy leerstof te besig. Daar word ook 'n studie van uitgesoekte poësie, drama en prosa gemaak.

iii) KOOKKUNS:

Die metodes van kookkuns, beginsels van dieëtkunde, voorbereiding van maaltye, toerusting vir die kombuis, sorg vir spense en stoorkamers, inkope op die mark, inmaak van voedsel, oorsprong, produksie en vervaardiging van voedsel en voedselprodukte vorm die inhoud van hierdie kursus.

Dis eienaardig hoe volledig hierdie kursus gegee word. As voorbeeld dien die volgende: as die werker kombuisgereedskap en voorrade wil rangskik, moet twee dinge onthou word. Eerstens behoort dit so naby as moontlik aan die plek waar dit gebruik sal word, gehou word. Tweedens moet dit so na as moontlik aan die hoogte van die tafel of die stoof waarop dit gebruik sal word, gehou word. Die gerieflikste bêreplek sal wees tussen die laagste hoogte wat 'n werker kan bereik sonder om te buk en die hoogste hoogte sonder dat die werker hoef te rek.

Die swaarste artikels wat die meeste gebruik word, behoort op die gewone werkshoogte terwyl ligter artikels daarbo en daaronder gebêre behoort te word. Die houding van die werker is van die uiterste belang en alles moet daarop toegespits word om regte houding aan te kweek waardeur onnodige vermoeienis uitgeskakel word en die werk effektief verrig kan word. Hierdie aspek van die

/werk .....

werk in die vak is deurgaans baie sterk benadruk.[1]

iv) WASSERYWERK.

Beginsels en metodes van skoonmaak, kleuring en verstywing van verskillende soorte stowwe, toerusting vir die verskillende soorte huise en media wat in die wasserywerk gebruik word, word in die kursus ingesluit.

v) HUISBESTUUR.

Hieronder resorteer die volgende: die bestuur van huishoudings van verskillende groottes met verskillende inkomstes; eenvoudige besigheidsaangeleenthede; konstruksie van 'n huis; meubilering en versiering; skoonmaakprosesse; eenvoudige handwerk, soos die gebruik van gereedskap, bekleedsel, huishoudelike hande-arbeid. Die versorging van klein kindertjies en kinders, eerstehulp en tuisverpleging, asook ontsmetting word hieronder ingesluit.

vi) NAALDWERK EN KLEREMAKERY:

Die maak, herstel en vernuwing van kledingstukke vorm die basis vir hierdie kursus.

vii) TOEGEPASTE WETENSKAP EN GESONDHEIDSLEER:

Praktiese werk in die laboratorium, elementêre Fisika en Chemie en die toepassing daarvan in voedselsoorte, stowwe, skoonmaakmateriale, eenvoudige gesondheidsleer en gesondheidsonderwys vorm die inhoud van die kursus. Die teoretiese werk word deur middel van lesings gedek.

viii) KUNS:

Die bestudering van Kuns is van groot belang. Die regte kleurrangskikking ten opsigte van kledingstukke, meubels en binnenshuisversierihgs, word deeglik bestudeer.

/Die .....

1) Posture in Housework. An application of the Principles of Good posture to the practice of Housework by the Teaching Staff of the National Society's Training College, Berridge House, Hampstead London, 57-58.

Die maak van letters, bestudering van kleurskemas, dekoratiewe patrone, bordskrif en teken word deeglik bestudeer.

ix) 'N GEVORDERDE ONDERWERP:

'n Spesiale studie van een van die volgende onderwerpe word gemaak:-

a) Gevorderde Kookkuns,

b) Naaldwerk en Kleremakery,

c) Landelike Onderwerpe.[1]

d) PROEFONDERWYS:

Die proefonderwys word dwarsdeur die jaar gereël. Kandidate kry geleentheid om in verskillende middelbare skole onderwys te gee. Die lektrises besoek die studente om proeflesse aan te hoor en om punte toe te ken.

e) GEVOLGTREKKING:

Die indrukke wat hierdie aspek van onderwysersopleiding maak, is baie gunstig. Die netjiese en huislike atmosfeer is deurgaans opvallend. Die inrigtings is sonder uitsondering goed toegerus. Prysenswaardig is die groot verskeidenheid kursusse wat aangebied word. Die studente het geleentheid om in 'n rigting waarvoor hulle die nodige aanleg, bekwaamheid en lus het, te spesialiseer.

Die feit dat die meeste opleidingskolleges vir die opleiding van onderwyseresse in Huishoudkunde ook voorsiening maak vir kursusse om die Institutional Management Association Certificates, Cookery Certificates en Institutional Catering Certificates te behaal, het 'n heilsame uitwerking op toekomstige onderwyseresse. Hulle kry die geleentheid om omgang te maak met studente met 'n ander lewenshouding en om kontakte buite hulle sirkel op

/te .....

1) The National Training College of Domestic Subjects. Prospectus, 6-7.

te bou. Hulle word in staat gestel om 'n insig in die menslike natuur te kry en om vryelik met mense te assosieer - hoedanighede wat hulle in hulle eie skole later goed te pas sal kom.

Die reëling vir proefonderwys behoort gewysig te word om onderwyseresse beter oefening en 'n beter begrip van organisasie en klaskamerpraktyk te gee. Dit behoort te bestaan uit praktiese onderwysperiodes in die skole en een periode onafgebroke proeftyd gedurende 'n kwartaal. Studente behoort met stedelike sowel as plattelandse skole vertroud te wees om hulle met die verskil van gewoontes, toerusting en onderwysvoorwaardes vertroud te maak. Sommige onderwyseresse gaan in tegniese skole onderwys gee en gaan dus met jong dames werk. Dit is wenslik dat hulle vooraf geleentheid sal kry om met die verskillende tipes onder verskillende omstandighede kennis te maak.

Die personeelvoorsiening behoort ook hersien te word. Om deeglike opleiding te verskaf en reg aan al die vakke te laat geskied, is 'n ruimer personeelvoorsiening noodsaaklik. Van die skole behoort besonder bekwame leerkragte na die kollege gesekondeer te word. Persone wat verdienstelike werk in die vakke lewer, behoort uitgenooi te word om op geskikte dae die kollege te besoek om demonstrasies en lesings aan studente te gee.

## 4. DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING.

Geen ander vak in die leerplan van die skool het soos Liggaamlike Opvoeding gegroei en ontwikkel nie. In 1870 is daar met stereotipe militêre dril en eenvoudige apparaatoefeninge vir dames begin en is die tyd vir die vak tot nie meer as twee uur per week beperk nie. Sedert

/1918 .....

1918 het die volk eers die waarde van gesondheid en liggaamlike fiksheid besef. Liggaamlike Opvoeding is aangemoedig deur die opstelling van behoorlike leergange deur inspekteurs van onderwys en deurdat daar nuwe magte aan plaaslike onderwysowerhede gegee is om vakansie- en skoolkampe te organiseer, sportvelde aan te lê en swembaddens te bou.

Liggaamsopvoeding speel 'n prominente rol in elke skool en daarom word daar ook in elke leerplan genoegsame voorsiening vir die onderrig van die vak gemaak. In die tweejarige opleidingskolleges is dit verpligtend dat elke leerkrag die gewone kursus in Liggaamlike Opvoeding moet deurloop. In die kleuter-, junior- en laerskole is die klasonderwyser dan ook gewoonlik vir die onderrig van die vak verantwoordelik. Vir studente wat 'n eenjarige nagraadse professionele kursus volg, is Liggaamlike Opvoeding opsioneel, sommige neem en ander neem nie die vak nie.

In die senior skole word Liggaamlike Opvoeding deur onderwysers wat die gespesialiseerde kursus gevolg het, onderrig. Daar bestaan aparte kursusse vir mans en dames. Die opleiding word dus ook apart bespreek.

A. <u>OPLEIDING VIR DAMES:</u>

a) <u>INLEIDING:</u>

Dames wat in Liggaamlike Opvoeding wil spesialiseer, ontvang hulle opleiding in die volgende ses spesiale kolleges: Anstey, Bedford, Dartford, Liverpool, Nonnington en Chelsea Polytechnic. Hierdie inrigtings is almal konstituerende dele van die Londense Universiteit en bied 'n driejarige opleidingskursus ter verkryging van die Onderwysdiploma in Liggaamlike Opvoeding aan.

Die persone aan wie so 'n sertifikaat uitgereik word,

/is .....

is bevoeg om aan enige laer- of middelbare skool die betrekking van onderwyser-(es) in Liggaamlike Opvoeding te beklee.

Studente wat hulle in hierdie rigting kwalifiseer, maak ook gebruik van die geleentheid om tegelyktydig vir die eksamen van die Chartered Society of Massage and Medical Gymnastics in te skryf.[1)]

b) KEURING VAN STUDENTE:

Studente wat 18 jaar oud is, doen aansoek om toelating deur die applikasievorms in te vul en aan die prinsipale van die kollege te stuur. 'n Mediese sertifikaat moet by die applikasie ingesluit word. Ooreenkomstig die eksamenuitslae word applikante vir 'n persoonlike onderhoud ontbied. Studente wat in vier vakke vir die Skoolsertifikaat, met Skeikunde as een hiervan, geslaag het, geniet voorkeur. Die kandidate wat hulle vir 'n onderhoud by die kolleges aanmeld, moet deelneem aan spele, gimnastiek, dans en 'n toets waarin verwag word dat hulle op verskillende soorte musiek met verskillende tydreaksies, patroon en samestelling moet reageer. Behalwe hierdie toetse moet hulle 'n intelligensietoets aflê.[2)] Nadat hierdie afdeling van die keuring plaasgevind het, word 'n persoonlike onderhoud gevoer om die spraakgebruik, persoonlikheid, agtergrond en die vermoë om met mense om te gaan, vas te stel.[3)]

c) STUDIEKURSUS:

Van alle studente word verwag dat hulle die volgende kursus deurloop het voordat hulle toegelaat word:-

/Skeikunde .....

1) Teachers and Youth Leaders, 161.

2) National Institute of Industrial Psychology, Group Test 37.

3) Mej. E. Alexander, Prinsipale van die Dartford College of Physical Education (Bergman Osterberg Trust) Dartford Heath, Dartford, Kent, 7 Maart 1950, memorandum oor die werk in die kollege, 1.

Skeikunde: Elemente, mengsels en samestellings. Wette van chemiese verbindings en werk wat hiermee in verband staan.

Praktiese werk word by die kursus ingesluit.

Fisika: Hieronder word die volgende ingesluit:-

Algemene Fisika: Eenhede van tyd, massa en lengte. Newton se wette. Eenvoudige masjiene. Werk, energie en krag. Die wette van Boyle en Archimedes.

Warmte: Warmte as vorm van energie; uitsetting, termometers, lug en kwik. Praktiese eenhede van warmte-meting. Latente warmte, Verdamping.

Lig: Alle aspekte, teoreties en prakties, word behandel.

Geluid word ook ingesluit.[1)]

Behalwe al die professionele vakke wat ingesluit word, moet studente een of twee aanvullende kursusse in Sosiale Studies, Musiek of Engels deurloop.[2)]

d) PROEFONDERWYS:

Dit word op die volgende wyse gereël:-

EERSTE JAAR: Twee kwartale. Twee speelgrondlesse per week in dieselfde kleuter- of juniorklas.

TWEEDE JAAR: Ses maande in die kliniek en ses maande met 11-jariges. Twee gimnastieklesse per week vir dieselfde klas.

DERDE JAAR: Twee dae per week van 9 vm. tot 3 nm. word in die suiwer akademiese, tegniese en middelbare moderne skole proefonderwys gegee.

Lektore gee dwarsdeur die kursus toesiglesse aan elke student. In die middel van elke kwartaal ruil studente skole om en lektore los hulle probleme by wyse

/van ....

1) The Bergman Osterberg Physical Training College. Outline of Syllabus Recommended for a General Science Course.

2) Mej. E. Alexander, 7 Maart 1949, 1.
Vgl. ook: Dortford College of Physical Education, Dortford Heath, Dortford, Kent. Prospectus, 4.

van besoeke op. Vir besprekingsdoeleindes gee lektore aan verskillende ouderdomsgroepe demonstrasielesse.[1]

e) HELENDE OEFENINGE:

Sodra studente die eerste gedeelte van die London Diploma in Anatomy and Physiology suksesvol afgelê het, word hulle toegelaat as lede van die Chartered Society of Physiotherapy omdat hulle 'n studie van helende werk dwarsdeur die kursus bestudeer het. Hulle kan dan verdere hospitaalwerk doen en die Electrical Therapy Course volg en die eksamen om 'n gekwalifiseerde elektriese terapeutiste te word, aflê. Twee keer per week word 'n kollege-kliniekdag gereël.[2] Besoekende pasiënte van buite word behandel.

f) BEOORDELING VAN DIE WERK VAN DIE STUDENTE:

Kwartaallikse eksamens word dwarsdeur die kursus afgelê. Elke les wat deur 'n student gegee word, word deur 'n lektor beoordeel en nog dieselfde dag met die betrokke student bespreek. Noukeurige rekords word van die teoretiese sowel as die praktiese punte van elke student gehou. Aan die einde van die kursus word die student ooreenkomstig haar bekwaamheid om onderwys te gee, resultate in teoretiese en praktiese werk behaal, haar bydrae tot die gemeenskapslewe van die kollege en haar kulturele belangstellings gegradeer.

B. DIE OPLEIDING VAN MANS:

a) INLEIDING:

Manstudente wat in Liggaamlike Opvoeding spesialiseer, kan gewoonlik in die volgende groepe ingedeel word:-

/Tweejarige .....

1) Mej. E. Alexander, 7 Maart 1949, 1.
Vgl. ook: Dortford College of Physical Education, Dortford Heath, Dortford, Kent. Prospectus, 4.

2) Ibid., 1.

i) Tweejarige kursus;

ii) eenjarige nagraadse kursus;

iii) eenjarige na-sertifikaat-kursus.

Kursusse i) en ii) is bedoel vir studente wat gekwalifiseerde onderwysers in Liggaamlike Opvoeding wil word. Na voltooiing van die kursus word aan hulle die sertifikaat van die Instituut uitgereik.

Kursus i) is vir gekwalifiseerde onderwysers bedoel en wat voornemens is om spesialiste in Liggaamlike Opvoeding te word. Aan die einde van die kursus word aan suksesvolle studente die Supplementêre Sertifikaat uitgereik.[1)]

b) TOELATING VAN STUDENTE:

Applikante moet bewys van spesiale bevoegdheid lewer alvorens hulle toegelaat word.

Verder moet applikante aan die volgende voldoen -

i) Hulle moet oor 18 jaar op die 1ste Oktober van die jaar van toelating wees;

ii) 'n skoolsertifikaateksamen suksesvol afgelê het;

iii) die kollege-outoriteite ten opsigte van karakter, moontlike geskiktheid vir die onderwysprofessie, gesondheids- en fisiese hoedanighede vir die professie bevredig;

iv) Britse onderdaan woonagtig in Engeland of Wallis wees. 2)

c) STUDIE-KURSUS:

Die leerplan sluit die volgende vakke in:-

A. Eenjarige Na-sertifikaatkursus;

i) a) Gimnastiek,
   b) Atletiek,
   c) Spele,

/Swem .....

---

1) Loughborough College, East Midlands Training College, 4.
Kursusse word aan die volgende inrigtings geneem: Chelsea, Sheffield, Carnegie (Leeds), Longborough of Goldsmith's Colleges.

2) Ibid., 5.

d) Swem en Duik,
e) Boks, stoei, swaardgevegte en dans.

ii) Anatomie en Fisiologie.[1]

elke student moet uit (e) slegs een van die vakke neem.

iii) Elke student moet 'n indiwiduele studie van 'n aspek van Liggaamlike Opvoeding maak.

iv) Teorie en Praktyk van die Opvoeding met spesiale verwysing na Liggaamlike Opvoeding. [2]

B. <u>Eenjarige Nagraadse Kursus in Liggaamlike Opvoeding:</u>

<u>LEERPLAN:</u>

1. Gesproke Engels.

2. Teorie en Praktyk van die Opvoeding.

   A. Die Teorie van die Opvoeding:

      1. Die doel van die Opvoeding.
      2. Die organisasie van die Opvoeding.
      3. Die studie van die ontwikkeling van die Kind.
      4. Onderwystegnieke.

   B. Proefonderwys.

3. Liggaamlike Opvoeding:

   1. a) Gimnastiek.
      b) Atletiek.
      c) Spele.
      d) Swem en Duik.

   2. Anatomie en Fisiologie.[3]

d) <u>PROEFONDERWYS:</u>

Dit word op dieselfde manier as vir dames gereël.

e) <u>GEVOLGTREKKING:</u>

Die kursus vir dames is baie deeglik en die vereistes word hoog gestel. Die kursus gee elke student die geleentheid om wyd te kwalifiseer. Indien die dames nie gou trou nie, kan hulle as hulle te oud word om die werk met gemak te doen, belangrike betrekkings buite die onderwys kry.

/Die .....

---

1) Loughborough College, East Midlands Training College, 19.
Kursusse word aan die volgende inrigtings geneem: Chelsea, Sheffield, Carnegie(Leeds), Longborough of Goldsmith's Colleges.

2) Ibid., 19-20.

3) Ibid., 20.

Die dames se kursus is verder waardevol omdat hulle in enige tipe skool 'n betrekking kan vul. Hulle is so opgelei dat hulle in enige inrigting enige groep leerlinge kan behartig.

Die kursus vir mans is belangrik, want onderwysers word vooraf opgelei om behalwe liggaamlike opvoeding ook die gewone klaswerk in 'n skool te kan doen. So 'n onderwyser kan aan enige tipe skool aangestel word en orals inpas. Indien die organisasie dit vereis, is so 'n persoon ook geskik om benewens liggaamlike opvoeding gewone klaswerk te behartig.

'n Nadeel van die opleiding is die enkelseksinrigtings waar dames en mans in afsonderlike inrigtings 'n afgesonderde bestaan voer. Sosiale en kulturele aspekte van hulle vorming word hierdeur nadelig beïnvloed.

5. DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR MUSIEK:

a) INLEIDING:

In die kleuter- en laerskole word musiek gewoonlik deur die klasonderwyser onderrig. In die opleidingskolleges volg 'n gedeelte van die studente die gewone kursus in Musiek, omdat dit nie verpligtend is nie. 'n Paar studente volg 'n gevorderde, terwyl ongeveer 12 studente jaarliks 'n derdejaarskursus deurloop.

In die middelbare moderne skole is daar gewoonlik een of twee onderwysers wat vir die vak verantwoordelik is. Hierdie onderwysers is gewoonlik persone wat 'n tweedejaarskursus aan die opleidingskollege voltooi of daarna ekstra lesse in Musiek geneem het. Die meeste van hierdie onderwysers is nie goed genoeg gekwalifiseer om behoorlike onderrig aan kinders in die moderne skole te gee nie.

Aan die middelbare skole word voltydse of deeltydse onderwysers vir Musiek gebruik. Die persone kan spe-

/sialiteite ...

sialiteite met kwalifikasies in ander vakke wees. Sommiges het universiteitsgrade en ander mag weer gegradueerdes van die Koninklike Musiekskole met gelyke status wees. Gewoonlik skiet hierdie mense aan die professionele opleiding kort.[1)]

b) KEURING VAN STUDENTE:

Studente wat in die gewone opleidingskolleges gedurende die laaste jaar van die driejarige kursus in musiek wil spesialiseer, word op die gewone wyse gekeur. Gedurende die eerste twee jaar word musiek as 'n vak geneem. Indien die student bevredigende aanleg toon, word toestemming verleen om gedurende die derde jaar te spesialiseer.

c) STUDIEKURSUS:

Die gewone driejarige kursus wat tot die uitreiking van die onderwysersdiploma lei, word gevolg. Gedurende die laaste jaar word musiek as hoofvak geneem.

d) PROEFONDERWYS:

Die proefonderwys word dwarsdeur die jaar gereël. Studente kry geleentheid om in verskillende laer- en middelbare moderne skole proefonderwys te gee. Die lektore besoek die studente om proeflesse aan te hoor, punte toe te ken en nabetragting oor die werk te hou. Studente kry voldoende geleentheid om musiek en sang te onderrig.

e) GEVOLGTREKKING:

Die voorsiening van opleidingsfasiliteite vir hierdie vak is werklik swak en onvoldoende. Kursusse behoort ingestel te word:

a) 'n Algemene kursus vir persone wat behalwe Musiek ook nog ander vakke kan onderrig;

b) 'n kursus vir 'n persoon wie se bekwaamhede en opleiding 'n neiging tot Musiek toon,

/alhoewel .....

---

1) Teachers and Youth Leaders, 155-156.

alhoewel hy miskien nie opgelei of bevoeg is om die vak in 'n skool te onderrig nie;

c) 'n kursus vir 'n spesialis.

Daar behoort ook voldoende kursusse vir diensdoende onderwysers te wees om hulle kwalifikasies te verbeter, vir praktiserende musici om hulle rol in die skole te speel en vir diegene wat tot die onderwys aangetrokke voel, om voltydse onderwysers te word. By die opleiding van spesialisonderwysers moet veral ook die behoeftes van tegniese kolleges en jeugdienste in gedagte gehou word.[1)]

Universiteite, kolleges en musiekkolleges behoort die hoofbydrae vir die opleiding van die spesialisonderwyser te lewer. Sommige van die studente sal onmiddellik na opleiding vir die onderwysprofessie beskikbaar wees, terwyl sommiges eers onafhanklik sal praktiseer en dan later weer tot die onderwys sal toetree. Behalwe die opleiding in Musiek behoort studente deeglik in die onderwyspraktyk onderlê te word. Opleidingskursusse, verskillend in duur en aard, moet volgens behoefte ingestel word.

Die voorsiening kan gemaak word as ten minste een kollege in elke gebied 'n departement vir Musiek inrig. Hierdie opleidingskollege moet in nou kontak met die bestaande Musiekkolleges en departemente van universiteite funksioneer. Die vernaamste funksies van so 'n opleidingskollege moet die volgende wees:-

a) Voorsiening moet gemaak word vir gevorderde kursusse vir studente van ander kolleges wie se bekwaamhede dit regverdig. Sommige van hierdie studente mag miskien so knap wees dat hulle

/tot .....

1) Teachers and Youth Leaders, 157.

tot een van die musiekkolleges of universiteite toegelaat kan word.

b) Die voorsiening van kursusse vir die opleiding van musici in onderwystegniek. In sommige gevalle kan 'n groot hoeveelheid van hierdie soort opleiding in 'n uitgesoekte skool plaasvind.

c) Die voorsiening van kursusse vir diensdoende onderwysers wat begerig is om hulle musiekkennis en die onderwys daarvan uit te brei.

d) Stimulering van musikale aktiwiteite in ander kolleges in die gebiede. Hulp vir die onderrig van die vak, kan ook verskaf word. Dit kan ook verwag word dat so 'n kollege die middel sal wees waardeur kore, orkeste en ander middels tot beskikking van ander kolleges gestel kan word.

e) Navorsing en ondersoek in verband met die onderrig van Musiek aan leerlinge, kan deur so 'n kollege onderneem word.[1]

In elke kollege behoort daar 'n genoegsame personeelvoorsiening van gekwalifiseerde lektore te wees om al die aspekte van Musiekonderrig te dek. Aan kleiner kolleges behoort daar geleentheid te wees om van die groter kolleges hulp te kry deur middel van die uitruilstelsel. Die personeel moet almal goed gekwalifiseerde onderwysers in die vak wees en moet reeds ondervinding in alle klasse van die skole opgedoen het.

Lektore moet belowende studente aanmoedig om hulle talente te ontwikkel. Die kunssmaak en kunstalent van die hele inrigting moet aangemoedig en ontwikkel word. Daar moet 'n permanente koor en orkes, kamermusiekgroep, studiekringe en 'n lewendige belangstelling in alle soorte musiek wees.[2]

/Opleiding .....

1) Teachers and Youth Leaders, 157.

2) Ibid., 158.

## 6. OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR HANDWERK:

### a) INLEIDING:

Aan sekere opleidingskolleges soos Shoreditch bestaan spesiale fasiliteite vir studente wat bekwaamheid besit om, nadat die gewone tweejarige kursus voltooi is, 'n spesiale derdejaarskursus vir spesialisasie in hout- en metaalwerk te kan volg.

Die opleidingsinrigting is 'n konstituerende kollege van die Universiteit van Londen se Instituut van Opvoeding en is sedert 1919 as 'n dagopleidingskollege erken. Die kollege maak voorsiening vir die opleiding van onderwysers in Kuns en Kunsvlyt en bied ook geleentheid aan diegene wat in Handwerk wil spesialiseer.

Die kunsvlytwerk en handwerk is 'n byvoeging tot die gewone opleidingskollegewerk en die regulasies wat op die studente wat die gewone onderwysersertifikaat neem, van toepassing is, is ook van toepassing op hierdie studente. Studente moet dieselfde eksamens aflê en dieselfde inspekteurs wat die werk in die gewone kolleges beoordeel, tree ook hier as eksaminatore op.

### b) KEURING VAN STUDENTE:

Dieselfde prosedure as wat vir die gewone kolleges gevolg word, is hier van toepassing. Die hoof en senior personeellede vorm 'n keurkomitee en kandidate moet vir 'n persoonlike onderhoud verskyn. Kandidate moet Britse onderdane afkomstig uit Engeland of Wallis wees. Spesiale bevoegdheid en belangstelling in Handwerk word as 'n spesiale aanbeveling beskou.

### c) STUDIEKURSUS:

Die kursus duur drie jaar waarvan die eerste twee jaar deur die gewone onderwyserskursus in beslag geneem word en die laaste jaar op spesialisasie in Handwerk

/toegespits .....

toegespits is. Die vakke van die kursus sluit die volgende in:-

i) Professionele vakke. Opvoedkunde, Gesondheidsonderrig, Liggaamlike Opvoeding en Engelse Taal.

ii) Groep A vakke. 'n Keuse tussen Engelse Letterkunde en Engelse Geskiedenis moet gemaak word. Een van die volgende vakke moet ook hierby ingesluit word: Aardrykskunde, Wiskunde en Natuurwetenskap.

iii) Groep B vakke. Gevorderde Handwerk en een van Kuns of Musiek.

d) PROEFONDERWYS:

Die proefonderwys word gedurende die eerste twee studie-jare afgehandel. Gedurende elke jaar word ses weke proefonderwys gereël. Die student word aan verskillende skole geplaas om ondervinding van verskillende tipe skole, die organisasie en administrasie op te doen.

Gedurende die proefperiode word studente besoek en lesse aangehoor. Dosente bespreek die lesse, gee wenke en leiding aan die studente. Hulle werk word ook beoordeel om 'n jaarpunt saam te stel. Die finale beoordeling vind deur die verteenwoordigers van die Instituut van Opvoeding plaas.

e) GEVOLGTREKKING:

Netsoos in die geval van onderwysers in ander spesiale vakke is die Institute besig om meer aandag aan hierdie aspek van onderwysersopleiding te skenk. Die besef dat hierdie vak sy regmatige plek in die leerplan van 'n skool regverdig, is besig om vinnig pos te vat. Die idee dat hierdie tipe onderwyser eintlik 'n vakman en handlanger van die gewone skool is, is vinnig besig om plek te maak vir die regte opvatting dat so 'n persoon ook 'n opgeleide leerkrag met volle status in die skool is.

Die feit dat hierdie tipe onderwyser ook in die

/gewone .....

gewone skoolvakke opgelei word, maak hom 'n nuttige persoon wat orals gebruik kan word. Die opleiding is deeglik en slegs kandidate wat aanleg en belangstelling vir hierdie rigting het, word vir opleiding toegelaat.

Die feit dat hierdie onderwysers saam met ander studente in dieselfde inrigting opgelei word, het ook 'n heilsame uitwerking op die vorming van die onderwyser. Studente kan aan die gewone aktiwiteite en kulturele werksaamhede deel neem.

7. <u>SAMEVATTING:</u>

Onder spesiale vakke word Kuns en Kunsvlyt, Huishoudkunde, Liggaamlike Opvoeding, Musiek en Handwerk ingesluit. Onderwysers wat vir hierdie vakke opgelei word, ontvang hulle opleiding in inrigtings wat spesiaal vir hierdie doel opgerig is. Al hierdie inrigtings is konstituerende inrigtings van die Institute van Opvoeding wat aan die verskillende universiteite in die gebiede verbonde is.

In 1950 was daar in Engeland 16 inrigtings wat voorsiening gemaak het vir die opleiding van kunsonderwysers. Twee verskillende kursusse word aangebied, nl. die Art Teacher's Diploma en die gewone kursus vir die onderwysersdiploma. Eersgenoemde kursus duur vyf jaar terwyl die tweede kursus 'n studietydperk van drie jaar beslaan.

Twee inrigtings is in die gebiede van Londen en Bristol vir 'n intensiewe ondersoek uitgekies. Die Hornsey School of Art and Crafts is in eersgenoemde en die West of England College of Art in laasgenoemde gebied geleë.

Daar is 11 opleidingskolleges wat opleiding aan onderwyseresse in huishoudkundige vakke verskaf. Die inrigtings bied 'n driejarige opleidingskursus aan dames waarna hulle die onderwyssertifikaat behaal. Dan word

/daar .....

daar ook vir 'n graad in Huisbestuur en Sosiale Wetenskappe van die Londense Universiteit voorsiening gemaak. Dit is 'n vierjarige kursus en by suksesvolle voltooiing van die kursus word die Diploma in Huishoudkunde aan kandidate uitgereik.

Vir die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding is daar aparte inrigtings vir mans en dames in die lewe geroep. Dames volg 'n driejarige kursus en aan hulle word dan 'n Diploma in Liggaamlike Opvoeding uitgereik. Vir mans is daar voorsiening gemaak vir 'n tweejarige, eenjarige, nagraadse en eenjarige na-sertifikaatkursus.

Die gewone opleidingsinrigtings maak voorsiening vir 'n gewone kursus in Musiek wat deur 'n gedeelte van die studente gevolg word omdat dit nie verpligtend is nie. 'n Aantal studente volg die gevorderde kursus, terwyl daar jaarliks ongeveer 12 studente is wat 'n gespesialiseerde kursus in Musiek deurloop. Dan is daar nog 'n aantal Koninklike Musiekskole wat eintlik nie onderwysers oplei nie, maar gevorderde kursusse in Musiek aanbied. Kandidate wat hierdie eksamens afgelê het, kry aanstellings aan die middelbare skole om Musiek te onderrig.

Vir die opleiding van Handwerkonderwysers is daar sekere inrigtings wat opleiding verskaf. Gewoonlik word die gewone tweejarige kursus gevolg en dan kry die student gedurende die derde jaar geleentheid om in Handwerk te spesialiseer.

Vir die meeste van hierdie kursusse is daar definitiewe toelatingsvoorwaardes en spesiale aandag word aan aanleg en belangstelling in die besondere rigting geskenk. Studente word gekeur voordat hulle toegelaat word. Die keuring word gewoonlik deur die hoof en senior personeellede onderneem.

/Die .....

Die studiekursusse is duidelik omskryf en sluit gewoonlik 'n studie van die Beginsels van Opvoeding, Gesondheidsonderwys, Algemene Metodiek en die van Skoolvakke in.

Die proefonderwys word in al die rigtings as 'n belangrike onderdeel van die vorming van die student as toekomstige onderwyser beskou. Dieselfde reëling is in die verskillende inrigtings gevind. Die tydperk is gewoonlik 12 weke wat so ingedeel is dat gedurende die eerste jaar ses weke en die volgende jaar ses weke aan 'n skool deurgebring word.

Die proefbekwaamheid van studente word deur dosente bepaal, wat ook verantwoordelik is vir die leiding en voorbereiding van die student gedurende hierdie tydperk. Die finale beoordeling geskied deur eksaminatore wat deur die Instituut van Opvoeding van die universiteit gereël word.

Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat hierdie aspek van onderwysersopleiding in Brittanje baie aandag geniet en dat die opleiding van onderwysers vir spesiale vakke doelbewus en metodies aangepak word. Daar is tekortkomings wat stremmend werk. Die vernaamste hiervan is dat baie van die geboue nie doeltreffend ingerig is nie. Ons dink hier veral aan die outydse geboue en kunsskole waarin kunsonderwysers hulle opleiding moet ontvang. Nie alleen is die lokale klein, swak geventileer en in die meeste gevalle swak toegerus wat uitstalruimte betref nie, maar die studente in 'n kunsskoolatmosfeer is ook afgesonder van 'n akademiese en professionele rigting sodat hulle vorming eensydig geskied.

Volgens menings van kollegehoofde is die stelsel van enkelseksinrigtings wat uit die vroeë onderwysgeskiedenis van Engeland dateer ook uitgedien en werk dit nadelig in op die normale ontwikkeling en opleiding van onderwysers.

/Hierdie ....

Hierdie opleidingsinrigtings vir onderwysers van spesiale vakke lewer 'n konstruktiewe bydrae tót die opleiding van onderwysers en slaag daarin om onderwysers wat aan die behoeftes van die skole voldoen, te lewer.